# God se Kerk......



Deo Gloria Community Church
Rockingham

# Week 3 - Doen die Woord

GEHEUEVERS: *Deuteronomium 6:4-6. “Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag. “Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly..*

## Inleiding tot hierdie week se studie

Hierdie verse staan bekend as die "Shema." Vir die Jode is dit een van die belangrikste gedeeltes van die Ou Testament. Die woord "Shema" beteken om te "hoor of te luister." Hierdie Skrifgedeelte is die eerste wat elke Joodse kind moet memoriseer. Dit word ook gebruik om elke Joodse diens te open en twee keer per dag deur die Joodse gelowiges opgesê.

Dit wys vir ons die belangrikheid en waarde daarvan om hierdie Skrifgedeelte te onthou en vir ons om te bestudeer en te sien hoe ons dit op ons lewens kan toepas.

Kern waarheid

*God wil 'n intieme, liefdesverhouding met gelowiges hê.*

## DAG 1 - Luister

## PERSOONLIKE STUDIE

*Lees die volgende Skrifgedeeltes, let op die omstandighede en pas die waarhede op jou lewe toe:*

*Deuteronomium 6:1-5*

1. Vers 2 sê in die Ou Vertaling *"dat jy die HERE jou God kan vrees"* en vers 5 sê vir ons om *'die Here lief te hê'*. Hoe is beide vrees en liefde belangrike motiverings vir jou?

2. Wat is die verskil tussen "hoor" en "luister?" Wat kan jy doen om "duidelik te luister" en om God se Woord te doen?

**Gebed**

## DAG 2 – Die Here is die Enigste

## PERSOONLIKE STUDIE

*Lees die volgende Skrifgedeeltes, let op die omstandighede en pas die waarhede op jou lewe toe:*

*Deuteronomium 6:4*

1. In hoeveel van jou lewe het God die eerste plek? Wat is die middelpunt van jou fokus, in jou "alledaagse lewe"? Wat is die basis waarop jy besluit wat jy sal dink, sê en doen? Hoekom doen jy wat jy in die lewe doen?

2. Lees die aanhaling hieronder. *“There’s a difference between knowing God and knowing about God. When you truly know God, you have energy to serve Him, boldness to share Him, and contentment in Him."* J.I. Packer. Dink jy dit is waar? Hoekom? Hoekom nie. Hoe groei jy in jou kennis van God?

**Gebed**

## DAG 3 – Wees lief vir die Here

### PERSOONLIKE STUDIE

*Lees die volgende Skrifgedeeltes, let op die omstandighede en pas die waarhede op jou lewe toe:*

*Deuteronomium 6:4-5 en Matteus 22:34-40*

1. Watter opdrag gee die HERE God aan sy kinders in vers 5?

2. Wat beteken dit vir jou om God lief te hê met jou hele hart en siel en krag? Sou jy sê dat jy die Here liefhet met jou hele hart, siel en krag? Gee spesifieke voorbeelde van wat dit in jou lewe beteken.

**Gebed**

## DAG 4 - 'n Lewe van liefde

### PERSOONLIKE STUDIE

*Lees die volgende Skrifgedeeltes, let op die omstandighede en pas die waarhede op jou lewe toe:*

*1 Johannes 4:7-21*

1. Aangesien ons nie liefde kan 'sien' nie, hoe help hierdie gedeelte ons om die gevolge van God se liefde raak te sien?

2. Besin oor die kwaliteit van jou verhouding met ander mense. Toon jou verhoudings met ander mense die liefde van God en jou liefde vir God?

**Gebed**

## DAG 5 - Die voortdurende herinnering aan die Woord van God

### PERSOONLIKE STUDIE

*Lees die volgende Skrifgedeeltes, let op die omstandighede en pas die waarhede op jou lewe toe:*

*Deuteronomium 6:7-9*

1. Dink vir 'n oomblik aan die frase *"wanneer jy in jou huis is"* en dink aan hoe dit met Bybelstudie in jou huis verband hou. En wat beteken dit vir jou, om die Woord te deel, "*as jy op pad is?"*

2. Deuteronomium 6:8 begin met *"herinneringsteken vasbind... hande, voorkoppe, deurkosyne, stadspoorte."* Wat kan jy doen om jou en jou gesin daagliks aan God se Woord, beloftes en gebooie te herinner?

**Gebed**

# KLEINGROEP BESPREKING

## Gebed

**Toewyding:** (Skandeer QR-kode op volgende bladsy of gaan na ons webwerf by www.deogloriarockingham.com om hierdie week se pitkos te kyk)

## Besprekingsvrae

Lees Deuteronomium 6:1-3. Wat is die voorwaardes van seën wat in hierdie verse uiteengesit word? Hoe kan ons dit op ons lewe toepas?

________________________________________

________________________________________

Lees Deuteronomium 6:4. In hoeveel van jou lewe het God die eerste plek? Wat is die basis vir die dinge wat jy in die lewe doen (die aktiwiteite waarby jy kies om betrokke te wees)?

________________________________________

________________________________________

Lees Deuteronomium 6:5. Wat beteken dit om die Here jou God lief te hê, met jou hele hart, met jou hele siel en met al jou krag? Hoe doen jy God se Woord in praktyk?

________________________________________

________________________________________

Lees Deuteronomium 6:7-9. Noem die dinge wat Moses vir die volk gesê het om te doen in verse 7-9 sodat hulle beter sal onthou om die gebod te onderhou om God lief te hê. Watter dinge kan jy doen om beter te onthou om God se Woord te doen?

## REFLEKSIE

Wanneer ons nadink oor God se genade in redding en belofte, moet ons onthou dat God uniek is en dat ons in 'n intieme verhouding met ons God gebring is. Ons enigste reaksie moet een van toewyding met ons hele lewe wees.

**Sluit in gebed**